**Reeks:** Ontmoet Jesus, weer. Vir die eerste keer...
**Titel:** ... In jou Omstandighede
**Prediker:** Johan Geyser
**Datum:** 16 Oktober 2011


mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com


---

Ons skriflesing is vanoggend saam uit die boek Openbaring hoofstuk een vanaf vers nege. Ek, Johannes, julle broeder en deelgenoot in die verdrukking en in die Koninkryk en lydsaamheid van Jesus Christus was op die eiland wat Padmos genoem word ter wille van die woord van God en om die getuienis van Jesus Christus. Ek was in die gees op die dag van die Here en ek het 'n groot stem agter my gehoor, soos van 'n basuin, wat sê Ek is die alfa en die omega, die eerste en die laaste, en skryf wat jy sien in 'n boek, en stuur dit na die sewe gemeentes in Asië, na Efese en Smirna en Pergamum, Tiatire, Sardis, Filadelfia en Laodisea.

Toe draai ek my om om te sien watter stem met my gespreek het, en toe ek my omgedraai het sien ek sewe goue kandelaars, en tussen die sewe kanselaars een soos die Seun van die Mens met 'n kleed wat tot op die voete hang en gegord om die bors met 'n goue gordel. Sy hoof en hare was soos wit wol, soos sneeu, Sy oë soos 'n vuurvlam, Sy voete soos blink koper wat gloei in 'n oond, en 'n stem soos die van 'n basuin van baie waters, en in Sy regtergand het Hy sewe sterre gehou, en 'n skerp tweesnydende swaard het uit Sy mond uit gegaan, en sy aangesig was soos die son wat skyn in sy krag.

En toe ek Hom sien val ek soos 'n dooie aan sy voete, en Hy het sy regterhand op my gelê en vir my gesê, moenie vrees nie. Ek is die eerste en die laaste en die lewende, en Ek was dood, en kyk, Ek leef tot in alle ewigheid, amen. En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood. Skryf die dinge op wat jy gesien het, die wat is, sowel as die wat gaan gebeur, die verborgenheid van die sewe sterre wat jy in My regterhand gesien het en die sewe goue kandelaars. Die sewe sterre is die engele van die sewe gemeentes, en die sewe kandelaars wat jy gesien het is die sewe gemeentes. Dit is die Woord van die Here.

Johannes is 'n ou man. Hy kom aan die einde van sy lewe, en nou is hy 'n gevangene omdat die destydse regering hom as 'n gevaar sien vir wat besig is om te gebeur. Die Christene kry die skuld vir baie goed wat skeefloop in die wêreld, en nou is hy verban, en hy is op 'n klein eilandjie, heel moontlik besig om marmer stene te maak en te kap vir al die geboue wat nou opgerig word deur die keisers van die tyd. Ek wonder of Johannes ooit sou kon droom dat sy hele lewe van hy saam met Jesus geleef het hom uiteindelik na hierdie plek toe sou vat. Dit het nie vir hom bekendheid nie, dit het nie vir hom gemak nie, dit het nie vir hom rykdom nie, dit het nie vir hom aansien gebring nie. Hy is alleen. Hy is 'n gevangene, en dit lyk asof dit is hoe hy sy lewe uiteindelik gaan afeindig.

Hy was 'n dissipel van die Here Jesus wat, toe hy 90 jare oud is en die brief, die Evangelie skryf, nog duidelik kon onthou toe hy Jesus die eerste keer ontmoet het. Hy sê dit was vieruur die middag. Hy het baie naby aan Jesus geleef. Hy het teen Sy bors gelê by geleenthede. As hy sy Evangelie skryf dan verwys hy kort-kort na homself toe as die een wie Jesus baie liefgehad het, en na die opstanding van die Here Jesus was hy die een gewees wat dadelik geglo het. Toe hy die doeke sien, sê die Bybel, het hy geglo. Petrus het nie. Jakobus het nie. Thomas het nie. Die ander het nie. Hy het 'n spesiale verhouding met Jesus gehad en het baie na aan Hom geleef.

Nou, hier, op 'n hoë ouderdom ontmoet hy Jesus weer, en 'n mens kan sê vir die eerste keer, want hy herken Hom nie dadelik nie, en dit is nie hoe hy aan Jesus gedink het nie. Hy sê hy kry 'n openbaring, met ander woorde , daardie woord, en dit is waaroor die hele boek ook gaan, is 'n bekendmaking. Hy sien iets wat hy nooit voorheen gesien het nie. Hy besef iets wat hy nooit voorheen besef het nie en hy kry insig in iets waarin hy geen insig voorheen gehad het nie, en hierdie insig gaan rondom Jesus.

Hy kyk en hy sien Jesus. Hy sê in die eerste plek, tussen die sewe gemeentes loop Hy. Nou, vir ons is dit miskien nie so van baie waarde nie, maar kan jy dink wat beteken dit nou vir die mense aan wie hy dit skryf? Hulle begin te wonder oor hulle geloof. Hulle verloor hulle werke. Alles is teen jou as jy 'n Christen is. Die kerk word hierdie onbenullige instansie wat verban is ook. Geen indrukwekkende geboue nie, geen invloed nie, is die bespotting van die samelewing.

Nou sê hy hy wil net sê, ten spyte van die feit dat hier hierdie groot katedrale opgerig word, tempels word gebou, op die eiland van Padmos is daar een vir Artemis opgerig, en net 60 km oor die water is 'n Efese met sy



**© 2011 Mosaïek**

indrukwekkende tempels wat daar opgebou is, en selfs vir die keiser word daar ‘n plek gebou. Nou sê hy, ek wil net vir julle sê, ek sien Jesus en Hy loop tussen die sewe gemeentes rond. Hy wil net vir hulle sê ons geloof is nie tevergeefs nie. Jesus het nie van ons vergeet nie. Die kerk is nie onbelangrik nie.

daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

Ek meen, dit was net ‘n rukkie daarna wat die geloofsbelydenis saamgestel is want, ek meen, toe Christene begin doodgemaak word vir hulle geloof, toe moet hulle sê wat glo ons, en toe moet hulle uiteindelik saamvat en sê, hoor hierso, net voor ek doodgemaak word, kom ek maak net seker dis die moeite werd om dood te gaan daarvoor, en in daardie geloofsbelydenis sê hulle ek glo aan die algemene heilige Christelike kerk. Ek glo dat die kerk ‘n belangrike instansie is, al lyk dit hoe in die wêreld waarin ons leef. En Johannes wil net sê ek sê vir julle, ek sien dit. Jesus loop tussen die sewe gemeentes rond. Hy is daar.

En dan, iets baie interessant, Hy hou die ster van elke gemeente, die boodskapper, die leeraar, hulle noem hom ‘n engel en ‘n ster, hou Hy in Sy hand. En ek wil julle vra, as 'n gemeente, om so te begin dink aan julle leiers. Dis net Bybels. Ons is sterre. Ons is engele. Ja, ek hou nie baie van daardie laggies. Dis ‘n verkeerde plek om te lag. Al lyk dit nie so nie, die Bybel sê so, so glo dit, aanvaar dit so en praat so en dink so en tree so op. Hy is daar. Hy hou hulle in hande. Hy wil vir hulle sê, hoor hierso julle ouens, dis nie soos wat dit lyk nie. Die realiteit van die lewe is iets anderster.

En dan sê hy, ek moet nou vir julle skryf, ek moet vir julle sê, Hy praat met my, en natuurlik beskryf hy Jesus in ‘n metafoor daar. Dis nie hoe Jesus regtig lyk nie, en as jy die skrifte ken dan weet jy dis alles aanhalings uit die Ou Testament uit. Jy weet, die swaard wat uit Sy mond uit gaan, dis die tweesnydende swaard, Efesiërs 6, wat die Woord van God is wat uit sy mond uit gaan. Die lang hare is Daniël 7, dis die beeld wat hy het van die oue van dae wat op die beeld sit, maar hy sê ek wil net vir julle sê, Hy sê vir my Ek is die begin en die einde, en weereens is dit ‘n aanhaling uit die Ou Testament uit.

Die profeet Jesaja het dit die eerste keer gesê: God is die begin en die einde, en toe begin hy praat as God is skepper. Hy sê met ander woorde alles wat onstaan het kom van êrens af, dit is nie sommer net nie. Dis nie ‘n big bang nie. Dis nie ‘n groot ongeluk gewees wat plaasgevind het nie. Daar is ‘n Skepper. Daar is iemand agter dit. Die oorsprong... daar is ‘n oorsprong vir die geskiedenis. Dan is daar iemand wat die geskiedenis nie net begin het nie, maar wat die geskiedenis begelei. Daar is iemand wat die geskiedenis tot die einde sal bring. En nou sê hy vir hulle, ek wil net vir julle sê, dis Jesus, dis Jesus Christus, dis Hy. Hy is die begin, Hy is die einde.

Jy weet, Johannes se verhouding met Jesus het op ‘n heel ander manier begin. Hy het Jesus heel anderster verstaan en na gekyk toe hy... miskien was sy eerste besef en indrukke toe hy gehoor het wat Johannes die Doper van Jesus sê op die oewer van die Jordaan, toe hy gesê het daar is die Lam van God wat die sondes van die wêreld wegneem. Hy is ons verlosser. Dis Hy wat ons regmaak met God. Dis Hy wat ons sondes op Hom neem.

Nou sien hy Jesus heeltemal anderster. Nou sien hy Jesus as die een uit wie alles ontstaan het. Hy kry hier ‘n heel ander idee van wie Christus is, en 'n insig in wie Christus is. Hy kry nou... Hy is die kosmiese Christus. Hy hou die hele skepping in stand. Hy gaan alles uiteindelik tot ‘n einde bring. Soos wat Paulus sê, Romeine 11:36, uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Hy besef dit nou. Dis ‘n heel ander Jesus met wie hy nou te doen kry.

Jy weet, om te dink daaroor dat Hy is dit. Hy gaan nie dit wees nie. Hy was nie die begin en hy gaan die einde wees nie; Hy is dit klaar. Hy omvat dit. Jy weet, dis is soos 'n outeur wat ‘n boek geskryf het. Hy het die eerste hoofstuk, hy het die laaste hoofstuk gebruik en nou hou hy die boek in sy hand. Die outeur bevat die hele boek en hy staan tegelyk by die begin en die einde, en hy bevat alles. Hy sê dit is wie Jesus is.

Jy weet, dis soos elektrisiteit wat daar is, en ‘n gloeilamp kry eintlik eers sy funksie, sy sin, sy betekenis as daar elektrisiteit deur hom vloei. Sonder elektrisiteit het ‘n gloeilamp nie ‘n doel nie, en dis eers wanneer die skakelaar aangesit word dat die elektrisiteit vloei, maar dit beteken nie dat die elektrisiteit nie daar was nie. Dit was nog altyd daar, en dit is hoe ons is, en dit is hoe die hele skepping is, dat die elektrisiteit, die energie, die goddelike aktiwiteit veroorsaak die lewe, en dit is die diepe insig en besef waartoe Johannes kom, dat alles in die lewe, die lewe, alles wat daar is gaan tot ‘n einde kom.

As God se aandag net per ongeluk skielik dwaal en Sy aktiwiteit is nie meer hier nie, is dit nie meer nie, is daar geen lewe meer nie. Alle lewe, in plante, in diere, in asem, in ons, en dit was die diep insig gewees waarmee die ou Hebreërs ook geloop het, die Jode mee geloop het, dat God gee jou lewe. God is nie net die skepping se alfa


**© 2011 Mosaïek**

en omega nie; Hy is jou alfa en omega. Hy is jou begin, Hy is jou einde. Jy bestaan as gevolg van Hom. Dis deur Sy wil dat jy voortgebring is.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Al was daar ouers gewees, al het hulle 'n idee gehad, al het hulle dalk nie 'n idee gehad nie en jy is hier, dis nie dit nie. Hulle was net die instrumente gewees. Agter dit is daar design, was daar 'n idee, was daar 'n plan gewees, en dis God, en dan gee Hy vir jou jou asem. Dis nie net deur Hom wat jy in stand gehou is en dan onttrek Hy Hom nou van jou en daar gaan jy nou aan tot jy op jou einde, tot jy doodgaan, en dan skielik, as jy daar by die poort kom, dan is Hy weer daar en dan is Hy... nee, nee, Hy hou jou nou in stand. Hy gee vir jou jou asem.

Die Hebreeuse woord vir asem en vir gees is presies dieselfde woord, dis een woord, roag [?], en die idee is dat God gee vir jou... Hy blaas in jou Sy asem. Die lewe wat in jou is kom van Hom af, en dan neem Hy... daardie lewe gaan weer terug na Hom toe. Dis wie jy is, en miskien word die diepste behoeftes wat in ons aangespreek net in hierdie woorde: Ek is jou alfa en omega, want diep binne in elkeen van ons is daar 'n diep soeke na wie is ek. Waar kom ek vandaan? Hoekom is ek hier? Waaroor gaan die lewe?

Jy het 'n diep behoefte aan identiteit en jou hele lewe draai uiteindelik, al werk jy nie bewustelik daarmee nie, rondom 'n antwoord vir hierdie vraag te kry. Jy moet sin kry in die lewe, anderster kan jy nie opstaan en jou lewe kan nie aangaan nie, so jou diepste sin is in alfa en omegas en begin en jou einde. Jy kry dit by Hom. Hy hou jou lewe in stand.

Ou Kerkvader het gesê ons is die dans van God. Wat hy bedoel het daarby is dat as daar nie beweging is nie, as daar nie aktiwiteit is nie, as God nie beweeg nie, as God nie dans nie, is daar nie 'n dans nie. Nou kan jy nie sê daar is 'n dans nie, maar nou is ons die dans van God omdat God is, omdat God beweeg, omdat God inisieer, omdat God ondersteun is daar 'n... is jy daar. Die oomblik wanneer daar geen aktiwiteit is nie is jy nie meer nie.

Ons leef uit Hom uit. Dit is die idee, en hy wil net vir hulle sê Hy is die alfa en die omega. Hy is jou begin. Hy is jou einde. Hy is die lewende een. Hy was dood. Anderster as wat baie ander mense dood was wat weer lewe vandag, jy weet. Hulle was geresuscitate. Daar was nie 'n resurrection nie. In Jesus is daar 'n opstanding. Hy sê, en kyk, Ek leef nou. Ek was dood gewees. Ek was op 'n ander manier dood gewees. Ek was in die doderyk. Ek was dood deur ander se dood, maar Ek het dit oorwin.

Ek is die eersteling uit die dood uit. Daar gaan 'n tweedeling wees, daar gaan 'n derdeling wees, daar gaan 'n vierdeling wees. Daar gaan ander ook wees. Ek is die eerste een, en Ek wil net vir julle sê Ek het die sleutel. Ek is in beheer. Ek sluit oop. Ek maak toe. Dis goeie nuus. Dit het 'n geweldige effek op Johannes en hy val neer. Dit is die eerste ding. Hy aanbid. Dis die natuurlike reaksie, maar dis ook vreemd. Jy weet, as jy die boek lees en jy lees daardie eerste hoofstuk is ek heeltemal verbaas wat daar nie in hierdie hoofstukke opgeskryf is nie.

Johannes verloor die bewussyn van homself. Johannes is nie bitter nie. Johannes skryf nie nou en sê nou, Here, maar waar is U; kyk hoe gaan dit met my. Hoekom moet ek U dien? Here, wat nou? Wat help dit om die Here te dien? Johannes besef die wêreld gaan nie oor hom nie, die lewe gaan nie oor hom nie. Johannes besef hy gaan oor die lewe. Dis 'n totaal nuwe bewussyn en 'n skuif. Dis amper daardie Kopernikus skuif wat plaasvind. Die aarde is nie die middelpunt nie. Alles draai nie om jou nie. Dit draai om Jesus Christus.

Hy word uitgetel bo sy omstandighede. Sy beeld wat hy nou het van Jesus raak en beïnvloed sy lewe. Dit beïnvloed sy gemoedstoestand. Dit beïnvloed sy kyk na die lewe en na wat besig is om te gebeur, en dit is natuurlik presies dieselfde met ons vandag. Jy en die manier waarop jy lewe is 'n gevolg van jou idee van God en van hoe jy kyk na God. Nie jou Sondagskool antwoord nie, want ons het dit, en ek het dit ontdek toe ek eendag in terapie sit en die vrou vra vir my, so, wat dink jy van Jesus, en ek begin vir haar my teologiese antwoord weer te gee.

Ek het 'n paar jaar se teologie agter die blad so ek kan nogal goed uitryg, nê. Ek het goed geleer. Sy sê, nee, askies man, los daardie gemors. Ek sê dis nie gemors nie. Dis wonderlike goed hierdie. Sy sê, nee man, sê vir my hoe beleef jy Jesus. Hoe beleef jy Hom? Hoe gaan jy om met hom? Wat dink en voel jy hier in jou diepste oor jou gebede wat nie geantwoord word nie, oor hierdie goed waaroor ek en jy nou praat, oor dit wat gebeur in jou lewe? Dit is jou funksionele Godsbegrip, en dis wat belangrik is, nie jou Sondagskool antwoord nie.

En skielik raak dit vir my duidelik hoe ek eintlik voel en hoe ek einlik dink oor God, en ons... en jou lewe is maar eintlik 'n uitvloeisel. Jy weet, en wat Johannes doen is 'n uitvloeisel. Jy weet, die feit dat hy aangaan met daardie... die feit dat hy alles opoffer is maar net omdat hy dink oor Jesus soos wat hy dink oor Jesus. Jesus lê Sy


**© 2011 Mosaïek**

hand op hom. Hy sê vir hom, staan op. Jy weet, toe hy besef toe slaan hy neer. Toe hy begin verstaan, toe staan hy op.

Jesus sê vir hom jy is my vriend, Ek is met jou, deur Sy hand op hom te plaas. Elke keer as jy inkom en jy loop in die voorportaal is daar 'n uitbeelding van 'n ikoon uit die vierde eeu uit waarin Jesus Sy hand om die gelowige sit. Hierdie ikoon staan bekend as Jesus and the Believer, en ons het so strek gevoel om dit te aanvaar as ons gemeente se uitdrukking in 'n beeld van wat ons voel die Christen lewe ten diepste is. Dis 'n wandel, dis 'n lewe saam met Jesus. Hy lê Sy hand op jou, sê jy is My vriend, Ek is met jou, die een wat alles begin het, die een wat alles in stand hou, die een wat jou lewe begelei.

mosaiek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

Al lyk dit hoe, al voel dit hoe, al sê mense wat, daar is 'n ander realiteit, en dis die waarheid, dit is hoe dinge eintlik is, en dan begin hy te skryf. Jy weet, hy kry 'n nuwe sin in sy bestaan. Ek moet vir iemand hiervan vertel. Ek moet vir daardie mense wat ek liefhet gaan vertel en vir hulle sê wat ek gesien het van Jesus. Hulle moet dit hoor, en so hoop ek die Heilige Gees maak dit lewendig en maak dit duidelik in hulle harte, en as hy vir jou die sewe gemeentes skryf dan sê hy die heeltyd, as hy afsluit dan sê hy, o, laat die een wat 'n oor het hoor, laat die een wat oë het sien. Asseblief, sien dit, asseblief, hoor dit, want dit is hoe dit is. Dit is hoe dit is. Dis waar hy sy lewe, sy energie vandaan kry, en dan is die groot vraag wat beteken dit vir ons.

Jy weet, die ding wat by my opkom is, is Johannes nie gelukkig nie? Sal dit nie wonderlik wees as elke een van ons so 'n ervaring kan hê nie? En natuurlik gis ons, en daar is 'n groot verskil oor hoe hy presies hierdie openbaring ontvang het. Party mense sê hy het in 'n trance gegaan. Ander sê dis 'n visioen. Dit is soos 'n fliek te sien wat voor jou afspeel, en dit is hoe hy dit gesien het, buite homself soos 'n film wat afspeel. Ons weet nie presies hoe dit gebeur het nie, maar een ding weet ons. In die hart, in die kern van die Christen geloof lê die oortuiging dat elke een van ons 'n Christen word deur die openbaring van Jesus Christus.

En wat ons daarby bedoel is dat jy moet die oortuiging kry. Jy moet sien hier binne in jou. Jy moet hoor hier binne in jou. Dis al hoe jy 'n Christen kan word, en dit is iets wat net God kan doen vir jou. Ons kan Hom nie meer fisies sien nie, en miskien kan ons nie presies dieselfde ervaring hê soos wat Johannes hê nie, maar as ons nie geestelik kan sien nie en kan hoor nie dan kan ons glad nie glo nie, dan kan ons glad nie navolgers word van Jesus nie, en dit is hoekom die ou Kerkvaders gesê het ons het geestelike sintuie.

Jy het fisiese sintuie, maar jy het ook geestelike sintuie. Jy kan fisies sien met hierdie oog, maar weet jy wat, al kyk jy fisies kan jy miskien glad nie insien nie. Jy kan glad nie met die geestesoog sien nie, want baie wat na Jesus gekyk het het Hom fisies gesien, maar hulle het Hom glad nie geestelik gesien nie. Hulle het nie ingesien wie Hy werklik is nie. Vandag kan ons Hom miskien nie fisies sien nie, en dit is wat Hy ook gesê het, en dis wat Thomas gesê het, salig is die mense, en Johannes het dit geskryf, as hulle kan sien sonder om met die fisiese oog te kan waarneem.

Daarom, baie van ons slaap. Baie van ons sintuie het aan die slaap geraak. Ons is onbewus, en ons het nodig dat daar 'n ontwaking in ons sal plaasvind. Ons oë moet oopgaan, en daarom sê [onduidelik] skrywer, as jy deur die lewe gaan moet jy jou oë op Jesus hou. Hy skryf dit vir gelowiges 'n hele klomp jaar nadat Jesus alreeds weg is, en wat hy daarby bedoel is dat ons ons geestesoog moet vestig op Jesus. Dit was deel van die funksie van die ikone ook gewees in die vroeë kerk, om deur uiterlike prentjies vir jou 'n venster te kan gee op 'n werklikheid en 'n realiteit wat werklik bestaan. Hulle het dit beskryf as 'n venster op die hemel, net oop te maak vir jou sodat jou oë kan oopgaan en jy dit regtig kan sien.

Miskien is daar drie goed uit die lewe van Johannes wat ons vanmôre kan help as jy daardie behoefte het en daardie begeerte het om te sê, maar ek wil ook beter sien, ek wil ook beter hoor. In die eerste plek is dit miskien 'n reis, 'n journey, soos wat dit ook vir Johannes was, en dis miskien iets wat feitlik begin in jou lewe, dis miskien iets wat baie rasioneel in jou kop begin.

Johannes het eers die historiese Jesus leer ken en ontmoet. Ons sien hierdie progressie in sy eie lewe, dat hy van daar af beweeg het en ander insigte rondom Jesus begin kry het, en anderster begin dink het oor Jesus.

Ons sien dit ook in die Nuwe Testament. Ons kry in die Evangelies die historiese Christus, die feite: wie Hy was, wat Hy gesê het, wat Hy gedoen het, hoe dit gebeur het, maar dan kry ons die briewe van Paulus wat vir ons 'n interpretasie gee van die betekenis van Jesus se lewe, van Sy dood, en van wat Hy gesê het en van wat Hy gedoen het.


**© 2011 Mosaïek**

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030
posbus 1658, fairland 2030
t: 011 268 4700
f:011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com

In die laaste brief, Johannes, kry ons 'n insig in wie Christus nou is, maar dit was 'n journey, dit was 'n pad. So as dit wat vanmôre hier gesê word vir jou oor Jesus sê, no way, hierdie is nou vir my... nou raak dit te wollerig. Nou raak dit te spokerig, jy weet. Dit is so bietjie isoteries half amper, jy weet, 'n ou wat 'n visioen kry en hy hoor stemme. Miskien het hy eerder medikasie nodig as wat hy bewondering nodig het, en ek wonder hoe sou dit gewees het as dit vandag gebeur het. Dis okay. Dit kan begin by 'n uitvind van wie was Jesus, hoe het Hy geleef, wat het gebeur, die feite van die geskiedenis, hoe dit plaasgevind het, maar daar is 'n progressie wat moet plaasvind.

Jy weet, miskien is dit dieselfde tipe progressie wat jy beleef in 'n verhouding, in 'n romantiese verhouding. Die eerste fase is die verkenningsfase, en dit is gewoonlik baie rasioneel ook. Dit is wie is sy, wie is hy, waar kom hy vandaan, waarvan hou hy, waarvan hou hy nie, en net te verken, jy weet, en alles word geanaliseer. Ek wonder wat het hy bedoel toe hy dit gesê het. Ek hoop nou nie hy was sarkasties gewees of dit nie. Ek wil dit net uitklaar met hom dat ek nou kan uitvind wie is hy nou, maar as jou verhouding daar bly dan gaan hy nêrens heen gaan nie. Dis 'n baie oppervlakkige verhouding.

As hy na die volgende fase toe gaan dan skuif... vind daar 'n groot skuif in die verhouding plaas waarin dit van die kop na die hart toe begin te skuif. Dan word baie meer van jou innerlike wêreld opgeneem deur die verhouding. Goed soos jou intuïsie, goed soos jou gevoel, soos jy gevoelentheid. Daar is vreeslike baie ander goed hier binne in jou as net jou rasionele denke waarmee jy sit. Jou wil, jou desires, jou begeertes word opgeneem deur die ander persoon.

Dan analiseer jy nie meer as jy bymekaar... jy beplan nie, okay, nou wat gaan ek nou vir hom sê en hoe gaan ek dit... jy sê net, jy praat net. Jy is nie eers altyd bewus van die persoon, dat die persoon daar is nie, terwyl jy saam met die persoon is. Jou verhouding het geskuif na 'n heel ander plek en dimensie toe, en dan natuurlik kan daardie verhouding nog verder gaan, ontwikkel, met tyd, en dan word dit 'n baie meer mistiese belewenis se ervaring.

Die Bybel beskryf 'n... as 'n eenwording wat plaasvind, nê, dis 'n eenwording. Dit is na jare se vriendskap bou en kommunikasie, na baie tye van dodelike verveligheid en roetine, na hopelik min konflik in die verhouding, ontwikkel hierdie verhouding na 'n plek toe waar daar 'n diepe eenheid en 'n sinergie beleef word tussen jou en 'n ander persoon, 'n diep liefde, 'n diep wedersydse gevoel, aanvoeling, intuïsie, instelling, bewuswording.

Dit is asof jy daardie persoon in jou begin saamdra. Dit is asof daardie persoon in jou begin te leef en asof jy alles wat jy beleef het saam met daardie persoon beleef al is daardie persoon nie by jou nie. Jy is op 'n... ek moet vir haar sê sodra... laat ek net die foto neem. Sy gaan my nie glo nie. Ek wil vir haar wys. En die oomblik wanneer jy dit... dis wanneer... asof jy eers in die diepte van die belewenis en die ervaring ingaan wanneer jy dit met daardie ander persoon...

Nou, die Bybel sê ons kan een word met die Here, en die Bybel sê ons kan 'n diep verhouding hê met die Here, so daar is hierdie groei, en daar is hierdie progressie wat kan plaasvind, dikwels van 'n uiterlike, rasionele. Ons vind dit in die hele Bybel, met die wet byvoorbeeld. Dis uiterlik. Dis Tien Gebooie buitekant, maar dis iets wat uiteindelik in jou hart en in jou binneste moet wees waarmee jy moet leef. Daar is hierdie progressie.

Die tweede groot ding was dat hy in die gees was op Sondag toe dit met hom gebeur het. Nou, die ou Kerkvaders het gesê dis iets wat jy glad nie self tot stand kan bring nie, 'n openbaring. Jy kan dit nie skep nie. Jy kan dit nie skep deur askese nie, deur onthouding nie, deur niks wat jy doen, want God is nie 'n masjien nie. Jy kan God nie manipuleer nie. Jy kan God nie dwing om iets te doen nie, maar wat jy kan doen is deur die manier van jou lewe jouself op 'n plek te stel waar jy baie meer ontvanklik daarvoor kan wees.

Jy kan nie die son laat opkom nie, maar jy kan ten minste sorg dat jy wakker is sodat jy kan sien as die son opkom, so daar is iets wat jy kan doen. Daar is 'n manier van lewe, en ek kan nie help om te dink wat die hele omstandighede meegemaak het en bygedra het tot die feit toe dat Johannes hierdie openbaring ontvang het nie. Die feit dat hy in afsondering was. Dis opmerklik. Dis opvallend as mense in afsondering is hoe God na hulle toe kom en God hulle ontmoet. God is orals, maar net omdat jy jou intensioneel, bewustelik, op 'n plek stel om na God te soek en jou afsny van alle ander stimulasie af en fokus op God kom God na jou toe, gaan jy oop vir die openbaring van God.

Ek kan nie help om te dink wat die effek van die kos wat hy geëet het, die hoeveelheid kos wat hy geëet het, sy hele lewe, dit was die Sondag. Hy vier die opstanding. Hy noem dit pertinent. Hy sê ek wil net vir julle sê dit was die dag van die Here, dit was Sondag gewees. Dis toe dit met my gebeur het. Hy vier Sondag. Hy... jy weet, die


**© 2011 Mosaïek**

Here is in die bar ook. Hy is in die kroeg ook, jy weet, en Hy is daar by Supersport ook, maar weet jy wat, jy het 'n baie beter kans in die kerk om Hom te beleef as daar met die biertjie terwyl jy rugby kyk. Dis maar net so, want dit is die lewe en dis die instelling van hierdie lewe wat hom op die plek bring dat hy hierdie openbaring ontvang van die Here.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆
posbus 1658, fairland 2030 ◆
t: 011 268 4700 ◆
f:011 268 4800 ◆
info@mosaiek.com ◆
www.mosaiek.com ◆

Derde ding: koester dit wat jy ontvang het van die Here. Wat ek dink is dat dit is nie waar die lewe van Johannes begin nie. Hierdie openbaring was 'n opbou van sy hele lewe gewees. Dit het klein begin. Dit het onbenullig begin, maar hy het dit wat hy ontvang het geag, en hy het ag geslaan op dit, en wanneer jy dit doen dan bou hierdie bewussyn hierdie insig binne in jou, en dan skuif jy. Ons sien dit in almal se... Moses.

Moses sien 'n braambos wat nie uitbrand nie. 'n Braambos wat brand in die woestyn is nie vreemd nie. Die feit dat hy nie uitbrand nie is vreemd. Dis ongewoon. Wat doen hy? Hy skenk aandag daaraan, en die Bybel sê toe hy sy aandag skenk aan die braambos, toe praat die Here met hom, toe kry hy die openbaring, en dit is nie waar dit eindig nie. Daarna spandeer hy 40 dae en 40 nagte op die berg en hy kry die Tien Gebooie, en daarna, toe hy klaar is met dit toe sê hy nou wil ek God sien, ek wil die heerlikheid van God sien. En die Here sê vir hom gaan staan in 'n rots, ek sal verbykom. God kom verby, hy roep uit, liefde, liefde, liefde, dis wie God is. Ek het dit nou gesien.

Daar is iets verslawends omtrent die Here. Daar is iets, as jy geproe het en as jy gesmaak het dan wil jy meer hê, maar wanneer jy dit ag dan gaan daardie honger in jou groei. Jesus sê salig is die wat honger en dors. Hulle sal versadig word. Dit is asof Jesus sê dis jou skuld. As jy nie 'n honger het nie, Hy sê ook, you've spoiled your appetite, maar voed kweek dit in jou. Dis iets wat jy kan doen, en wanneer jy elke klein dingetjie koester, daardie woord wat jy hoor, daardie ongewone ding wat uitstaan in jou lewe, wannneer jy iets van Jesus agterkom wat in jou beweeg of wat om jou beweeg en wat om jou besig is om plaas te vind, maak iets daarvan, koester dit, ag dit.

Jy kan dit minag. Jy kan dit laat verbygaan. Jy weet, dit is soos jy hoor maar jy luister nie. Jy weet mos hoe dit is. Sy roep jou, kom eet. Jy weet, ag nee wat, daar is nog baie tyd. Dan roep sy weer, dan kry sy so 'n houdingtjie in haar stem, nê. Dan weet jy, nou moet ek beweeg, nou moet ek saamwerk. Dit is 'n... die een keer het jy gehoor maar jy het nie geluister nie. Die ander keer hoor, maar toe luister jy, nê. Dis is ek slaam ag, ek neem dit op, ek neem dit ernstig op op my lewe.

Paulus kom aan die einde van sy lewe dan skryf hy die woorde, Filippense 3:10, for it's my determined purpose that I may know Him, that I may progressively become more deeply and intimately acquainted with Him, understanding, perceiving and recognising the wonders of His person more strongly and more clearly. Hy het 'n diep... Paulus, jy het die helfte van die Nuwe Testament geskryf. Paulus, daar is niemand wat weet wat Jesus se dood en lewe beteken het soos jy nie. Jy is weggeruk derde hemel toe. Paulus, jy weet wat niemand weet nie, jy het beleef wat niemand... nou sê jy ek wil meer hê, ek wil dieper gaan, ek wil verder gaan. Ja, it's my determined purpose.

En ek kan nie help om te dink die opoffering wat Johannes in sy hele lewe gemaak het, die plek wat hy dit gegee het wat hy geag het en wat dit na hom toe laat bring het nie. Waar is jy vanmôre? Was jy... is jy miskien op 'n plek waar jy sê ek besef my godsbegrip het gestagneer? Weet jy, ek raak partykeer yskoud as ek hoor hoe mense alles weet van Jesus. Dit is nie wie Jesus is nie. As jy hom uitgefigure het het jy gestagmeer, en die sad ding is dat baie weet dit... besef dit nie eers nie, dat hulle lewe met 'n idee wat vir hulle gegee is deur hulle kultuur en deur hulle opvoeding en deur hulle eie beperkte ervaring, en Jesus is baie groter as dit.

Wat jy ookal weet en wat jy ookal het, hou liggies aan dit vas. Dis nou vir jou, maar daar is meer. Daar is baie meer. Sy naam is wonderbaar: Jesaja 9:6. Dit beteken in Hebreeus, nie wat jy verwag nie, en kan jy sien, toe mense Jesus ontmoet toe is hulle verbaas. Wanneer laas was jy verbaas? Dis 'n groei. Dis iets om vorentoe te gaan, en die eerste plek begin by 'n bewuswording van daar is meer. Wat ek het is nie alles nie. Wat ek het is dalk genoeg, maar daar is meer vir my. Ek wil verder gaan. Ek wil meer hê.

Miskien is daar geen honger nou in jou nie, net 'n nuuskierigheid. Dis genoeg. As jy net dit na die Here toe kan vat en vir Hom bid en sê vir Hom, Here, ek wil. Ek is bewus dat ek nie wil nie. Help my om te wil, dat Hy dit in jou kan skep. As daar iets is, reageer op dit. Gee uitdrukking aan dit. Koester dit op een of ander manier, miskien deur 'n tyd, deur 'n lewe, deur 'n aanpassing, vanmiddag, ietsie te doen, te maak van daardie honger wat in jou is, net by Hom te gaan sit, by Hom te wees, miskien net weer die skrifte te vat en deur dit te gaan. Gaan na dit, vat dit.


**© 2011 Mosaïek**

Miskien het jy Sy woorde so nodig in die omstandighede waarin jy is.  Jy is vasgevang. Jy is opgeneem met jou eie wêreld en met jou eie lewe.  Daar is niks buite jou bestaan vir jou nie.  Dis net... al wat real is vir jou is jy en jou pyn, en jy sien geen ander plek of pad daaruit nie, en jy besef dalk net nou hoe nodig het jy om 'n ander perspektief op jou lewe te kry, en jy kan dit kry deur die ervaring van Jesus.  Miskien as jy Jesus weer kan sien, iets van Hom kan sien in jou wêreld waar Hy nou is, in jou omstandighede. Kom ons bid saam.

Vader, ons dank U dat ons vanmôre so kan saam wees.  Ons dank U vir die woord wat 'n lig is vir ons pad, en dankie vir die Gees wat agter die woord staan om die woord lewendig te maak, om in ons hart, in ons binneste begeertes te skep, insig te bring. Dankie daarvoor.  U weet wat elkeen van ons nodig het.  Ons begeer so om meer te sien, verder te gaan.  Lei ons, help ons.  Laat U wil geskied, in die naam van Jesus.  Ons dank U daarvoor.  Amen.

Die genade van Here Jesus, die liefde van God, die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees wees en bly met elkeen van julle.  Amen.

mosaïek
daniellestraat, fairland 2030 ◆ posbus 1658, fairland 2030 ◆ t: 011 268 4700 ◆ f:011 268 4800 ◆ info@mosaiek.com ◆ www.mosaiek.com

die kuns van lewe!


**© 2011 Mosaïek**